**Dinsdag 21 Maart**
**Skrifgedeelte: Psalm 16:1-11**
**Fokusgedeelte: Psalm 16:1-2 (AFR2020)**
**In God se nabyheid vind ek skuiling**

Dawid, die koning wat vir 40 jaar oor Israel regeer het, was 'n man na God se hart. Hierdie man van God was egter ook deurlopend in lewensgevaar, en hy moes voortdurend vir sy lewe vlug voor sy vyande.

Dit is teen hierdie lewensgevaarlike agtergrond wat Dawid in Psalm 16 met vrymoedigheid tot die Here nader. Hy pleit: "Beskerm my, o God, want by U skuil ek." Hy het geweet hy kan op die Here vertrou. Die vraag bly egter: Hoe kon Dawid dit doen? Was hy dan die uitsondering in sy geloof? Ons kry 'n kosbare antwoord in vers 2: "Ek het vir die Here gesê: U is my Heer."

Dawid bely dat God die God van die verbond is wat getrou bly aan sy beloftes. In homself het Dawid niks om op aanspraak te maak nie, maar op grond van die Here se getrouheid kan hy in sy nood tot die Here nader. Selfs al kom daar ook doodsgevaar op sy pad, weet hy dat hy die Here se eiendom is. Buiten die Here is daar niemand op wie hy kan vertrou of tot wie hy kan nader nie.

Hierdie troos geld nie net vir Dawid nie, maar vir alle gelowiges. Ons kan saam met hom bely: "U is my Here." Ons kan dit met vrymoedigheid doen deur Jesus Christus wat ons aan ons hemelse Vader verbind het. Ons is duur gekoop met sy bloed, wat ons verseker dat daar niks in hierdie skepping is wat ons van God se liefde kan skei nie. Wanneer ons in moeilike tye verkeer, kan ons verseker wees van God se nabyheid en beskerming. Selfs wanneer ons in gevaar verkeer. Ons kan ook bid: "Beskerm my o God, want by U skuil ek."

*Sing: Psalm 16-1:1, 2*

*Ds. JPL van Jaarsveld (Vickus) (Krugersdorp-Wes/Magaliesburg)*